

## **Bewustheid van kwesbaarheid**



**April 2018**

'n “Bewustheid van kwesbaarheid” (Sense of vulnerability) is 'n noodsaaklike element van goeie prosesveiligheids kultuur. Wat beteken volgehoue “bewustheid van kwesbaarheid”? Dit beteken dat elkeen op die aanleg:

- Het 'n hoë vlak van bewustheid van die gevare van die proses en materiale,
- Is deurgaans oplettend vir simptome van swakhede wat kan lei tot meer ernstige insidente. Dit sluit in rapportering van “near miss” insidente. (Beacon van Maart 2018)
- Vermoë oor-gerustheid wat moontlik die gevolg is van goeie prestasie in die verlede.

Op 15 April 1912 (106 jaar gelede) tref die passasierskip Titanic 'n ysberg en sink binne 3 ure in die Noord Atlantiese oseaan. 1500 mense is dood. Die bewustheid van kwesbaarheid het in die Titanic se geval verskeie kere gefaal, byvoorbeeld:

- Die ontwerpers het geglo die skip is onsinkbaar en het daarom swak veiligheidsbesluite geneem. So byvoorbeeld is waterdigte kompartemente slegs ingesit tot twee vloere onder die hoofdek. Reddingsbote is beskou as onnodig en verminder na 16 terwyl 64 nodig is vir passasiers en bemanning.
- Die kaptein was oormatig selfversekerd oor die onsinkbaarheid van die skip en sy seemanskap.
- Die skip se spoed was hoër as wat normaalweg veilig beskou is vir pak-ys. Ten spyte van waarskuwings van ander skepe oor ysberge in die omgewing het die Titanic nie spoed verminder nie.



### **Het jy geweet?**

Die afwesigheid van 'n “bewustheid vir kwesbaarheid” was 'n faktor in verskeie tragiese proses industrie ongelukke. So byvoorbeeld het toksiese gas (Metiel isocianaat- MIC) ontsnap in Desember 1985 in Bhopal, Indie, en is duisende mense dood. In die ondersoek na die tragedie is gevind dat verskeie veiligheid kritiese sisteme vir geruime tyd voor die ongeluk nie gewerk het nie.

- 'n Gas skrop toring en afgas fakkels brander het nie gewerk nie,
- 'n Verkillings sisteem wat die MIC stoortenk moes afkoel is doelbewus afgesit om koste te bespaar,
- Blynde flense (spades) wat moes verhoed dat water in die MIC tenk inkom tydens uitwas van pipe is nie geïnstalleer nie.

### **Wat kan jy doen?**

- Verstaan die gevare van jou proses en materiale. Jy moet weet wat die slegste geval insident kan wees en die veiligheids sisteme en prosedures wat in plek moet wees om dit te voorkom. Verstaan hoe jy sal weet as die sisteme nie in werkende toestand is nie, en laat weet bestuur as jy swak plekke sien.
- Moet nooit dink “dit kan nie hier gebeur nie” of “dit kan nie met my gebeur nie”. Dit kan!
- Moedig almal in jou aanleg aan om 'n kalm bewustheid te hê van moontlike ernstige ongeluk scenario wat kan gebeur! Weet wat om te doen om sulke ongelukke te voorkom, wat om te doen as dit wel gebeur, en om die noodprosedure te volg.
- Verstaan die potensiele impak van al die moontlike insidente wat op jou aanleg kan gebeur, nie net die slegste geval nie.

**“It does not do to leave a live dragon out of your calculations, if you live near him.”  
– J. R. R. Tolkien, *The Hobbit*, Chapter XII**